

KATHEDRALMUSIK IM DOM ZU KÖLN



T. Dubois: *Marche des Rois Mages*; **S. Karg-Elert:** *Kyrie eleison, Saluto angelico* (aus den “*Cathedral Windows*”); **L. Vierne:** *Cathedrales, Gargouilles et Chimères* (aus den “*Pièces de Fantaisie*”); **E. Schneider:** *Resurrectio*; **Gregorianischer Choral:** *Tria sunt munera*; **E. Schneider:** *Sinfonie Nr. 4 “Sinfonia Coloniaensis”* (*Invocatio*; *Die Heiligen Drei Könige*; *Colonia Sancta*; *Ex ossibus*; *St. Ursula pro nobis ora*; *Sortie*); **S. Karg-Elert:** *Fasching in Köln*.

Winfried Böning (orrel)

MOTETTE CD 13721 (CD 70:28)

Duitse, Engelse en Franse kommentaar ingesluit
Opname: Domkerk, Keulen, Duitsland (2013)

Wanneer ’n mens in die rigting van Keulen reis, verskyn die majestueuse torings van die katedraal op die gesigseiner nog lank voordat die besoeker die res van Keulen opmerk. Hierdie gebou het vir eeue onvoltooid gestaan, maar is uiteindelik gedurende die 19de eeu voltooi. Die bomaanvalle op Keulen gedurende die Tweede Wêreldoorlog het egter ook die katedraal getref. Gelukkig kon die gebou weer gerestoureer word, al het dit weliswaar ’n paar jaar geneem voordat dit uiteindelik weer tot sy volle glorie herstel is.

Vandag spog die katedraal met twee groot orrels: die ouer orrel pryk in die noordoostelike hoek van die kruising, naby die altaar (die sg. transept-orrel), en ’n nuwer, driemanuaal-orrel hang aan vier staalkabels vanuit die plafon in die skip van die katedraal. Beide orrels kan van dieselfde speeltafel in die koorgalery beheer word. ’n Ruim akoestiek laat hierdie twee instrumente groots en indrukwekkend klink. Albei orrels is uitstekende bewyse van die gehalte instrumente wat Johannes Klais Orgelbau van Bonn vervaardig.

Winfried Böning, orrelis van die katedraal en professor aan die *Hochschule für Musik und Tanz Köln* waar hy Orrel, Improvisasie en Katolieke Kerkmusiek doseer, lewer, soos met sy vorige uitreikings op hierdie twee katedraalorrels, weer eens ’n innoverende program van hoogstaande gehalte. Minder bekende komposisies van bekende orrelkomponiste soos Dubois, Karg-Elert en Vierne word aangevul met ’n grootskaalse komposisie van Enjott Schneider, ’n komponis wat waarskynlik meer bekend is in Europa as elders.

Die program open met Dubois se *Marche des Rois Mages* (Mars van die drie wyse manne). Die titel verwys na die drie wyse manne wat op ’n lang en uitputtende reis gaan op soek na die Jesuskind. Heel gepas is hierdie openingstuk ook ’n subtiele verwysing na die reis wat ’n duisend jaar tevore onderneem is om, volgens oorlewering, die oorskot van die drie wyse manne oor die Alpe te bring om ’n laaste rusplek in hierdie nuwe katedraal van Keulen te vind waar dit vandag nog ’n aantrekkingskrag vir besoekers is. Die titels van die drie komposisies wat hierna volg, verwys na katedraalargitektuur, naamlik *Cathedral Windows* (Karg-Elert), asook *Cathedrales* en *Gargouilles et Chimères* (Vierne). Karg-Elert komponeer *Cathedral Windows* (ses stukke) binne een dag nadat hy vir die eerste keer Gregoriaanse kerksang gehoor het. Hierdie pragtige sfeervolle

musiek maak aanspraak op 'n fyn aanvoeling vir registrasie en interpretasie. Die *Kyrie*, gebaseer op 'n drienoottmotief (F-G-A) uit die 16de Koraalmis, word vindingryk as 'n stel variasies aangebied. Die middelseksie sorg vir kontras en is gebaseer op dalende tertse – ook geneem uit dieselfde bron. In *Saluto angelico* is 'n Ave Maria-toonsetting weer die bron van inspirasie. 'n Hartroerende “klank-uitbeelding” van 'n liefdevolle moeder Maria word ondersteun deur die chromatiek, komplekse modulاسies en die ontwikkeling van motiewe.

Met Vierne se twee werke word daar klankmatig gekyk na die imposante afmetings en detail van Gotiese katedraalargitektuur. In Vierne se komposisiestyl, waarin kenmerke van die laat-Romantiese en Impressionisme sorg vir kleursubtiliteite, word daar dikwels sterk gesteun op modale progressies, eksotiese akkoorde en 'n verskeidenheid dinamiese skakerings. In *Cathedrales* word die majestueuse suile van Gotiese katedrale wat na bo reik, opgeroep deur 'n geleidelike opbou in volume, om daarna weer terug te keer na 'n stille afsluiting. *Gargouilles et Chimères* verwys na die groteske, grynsende, waterspuwende figure aan die buitekant van 'n katedraal wat as aflooplegte dien. Melodiese fragmente, vinnig-wisselende registrasies, chromatiek, en voortdurende tempowisselings dra by tot 'n unieke en bisarre atmosfeer.

'n Stem in orrelliteratuur wat seker aan die meeste van ons onbekend is, is dié van Enjott Schneider, dosent in Musiekteorie en Komposisie (Kerk- en Filmmusiek) aan die *Musikhochschule* in München. Schneider het reeds agt vollengte operas, 'n verskeidenheid kamermusiekwerke en 'n stel orkeswerke, waaronder vier simfonieë, op sy kerfstok. Hy het reeds vir meer as 600 films musiek gekomponeer. Die verrassende is egter die 13 solo-orrellsimfonieë wat hy al gekomponeer het!

Enjott Schneider se bydrae tot hierdie CD-uitreiking bestaan uit *Resurrectio* en *Sinfonia Coloniensis*. Oor *Resurrectio* vermeld Schneider: “The emotional spectrum ranges from fear and awe in the face of the Last Judgement to final rejoicing in the resurrection – which, as the title indicates, is this piece’s goal and essential message. Joyful trumpets and trombones resound with the good news of victory over death.” Hierdie kort werk is spesiaal geskryf vir die ingebruikneming van die hoëdruk-trompetregister van die transep-orrel in die Keulen-katedraal.

In die *Sinfonia Coloniensis* bring Schneider hulde aan die drie wyse manne wie se oorskot, volgens oorlewering, in die Keulse domkerk rus. Die Gregoriaanse antifoön vir Epifanie, naamlik *Tria sunt numera*, wat vertel van die geskenke wat die drie wyses aan die Jesuskind sou skenk, word die samebindende faktor tussen die vyf bewegings van hierdie uitgebreide komposisie. Die majestueuse katedraal-interieur, die twee indrukwekkende orrels en die lang nagalm van die akoestiese ruimte was egter die groot inspirasie vir hierdie werk. In die eerste beweging (*Invocatio*) word slegs 'n motief uit *Tria sunt numera* as musikale basis gebruik, terwyl die tweede beweging (*Die Heiligen Drie Könige*) staatmaak op die volledige antifoön. Die getal drie bepaal die drieledige formaat van hierdie aanbieding: *maestoso* – *misterioso* – *mesto*. Die derde beweging (*Colonia Sancta*), 'n *cortège* volgens die Franse tradisie, begelei 'n denkbeeldige prosesie van heilige relikwieë. (Volgens die ou Middeleeuse tradisies is relikwieë deur die strate geneem sodat gelowiges dit kon sien en geïnspireer word om aflate vir sondevergifnis te koop.) 'n Plegtige

marsritme wat opbou tot 'n ekstatische middelseksie en weer geleidelik wegsterf, kenmerk hierdie beweging. Die vierde beweging, *Ex ossibus: St. Ursula pro nobis ora*, verwys na die beskermeilige van die stad Keulen. Volgens oorlewering is die heilige Ursula saam met meer as 11 000 maagde in 410 n.C. deur die Romeine vermoor. Die mistieke atmosfeer in die vierde beweging roep hierdie tragiese gebeure op. In die *Sortie*, die vyfde beweging, word die *Tria sunt numera* weer volledig gehoor in 'n tokkate-aanbieding in die Franse styl. Oor die uitvoering van hierdie grootskaalse werk skryf Schneider: "In this piece, the harmony requires the performer to think in large surfaces, phrasing with deep breadth in extended arcs".

Die CD word gepas afgesluit met *Fasching in Köln* (Karnaval in Keulen) uit Siegfried Karg-Elert se siklus karakterstukke *Intarsien*, Op. 76, wat eintlik vir harmonium gekomponeer is.

'n CD-omslag, in boekieformaat, met detail van die Gotiese eksterieur van die Keulse domkerk, lok 'n mens na die inhoud van die boekie. Goeie programnotas, asook indrukwekkende CV's van Enjott Schneider en Winfried Böning, sorg vir interessante leesstof. Die disposisies van die twee orrels en pragfoto's van o.a. die nuwer orrel wat hoog bo die vloer van die katedraal hang, van sy speelafel en die sentrale speelafel vanwaar albei orrels beheer kan word, asook van die hoëdruk-trompetregister se pypwerk, is ingesluit in die CD-boekie.

Met hierdie eersteklas CD-vrystelling, soos met sy vorige twee uitreikings as katedraalorrelis van die Keulse domkerk, bewys Böning homself as 'n meesterlike vertolker wat die byna onuitputlike klankmoontlikhede wat die twee orrels vanaf die sentrale speelafel bied, en die akoestiese ruimte waarbinne dit funksioneer, ken en dit effektief benut om telkens met indrukwekkende registrasieskilderinge vorendag te kom. Hierdie CD is sterk aan te beveel.